

Effektetrust-Omskakelingsvorm

Stuur asseblief die ingevulde vorm en stawende dokumente na:

 E-pos UTinstructions@sanlaminvestmentssupport.com Faks 0860 724 0467

Indien u enige vrae het, tree asseblief met ons in verbinding by:

 Tel 0860 100 266 E-pos service@sanlaminvestments.com

Omskakeling van fondse is om die onderaandele in een effektetrust te verkoop en met die opbrengs uit dié verkoop onderaandele in 'n ander fonds aan te koop. U kan u onderaandele enige tyd omskakel. Gereelde omskakelings kan egter die koste laat oploop en groot afbreuk doen aan u algehele opbrengs op lang termyn.

Belangrike inligting

- Lees asseblief al die inligting in hierdie vorm, insluitend die bepalings en voorwaardes in afdeling 8, aandagtig deur en maak seker dat u dit verstaan.
- Hierdie vorm sal slegs gebruik word om u omskakelingsopdrag te verwerk. Indien u u persoonlike inligting of u gereelde onttrekkingsinstruksie(s) wil verander, moet u 'n Effektetrust-Opdateringsvorm invul wat by www.sanlamunitrusts.co.za beskikbaar is.
- Die omskakelingsopdrag sal eers verwerk word sodra die vorm deur die belegger en / of gemagtigde ondertekenaars ingevul, gedateer en onderteken is en ons al die nodige stawende dokumente ontvang het. Dit sluit die vereistes ingevolge die Wet op die Finansiële Intelligensiesentrum, Wet 38 van 2001 (FICA), en die Wet op Finansiële Advies- en Tussengangerdienste, Wet 37 van 2002 (FAIS) in, indien van toepassing.
- Parafeer asseblief onderaan elke bladsy asook enige veranderinge wat op hierdie vorm aangebring word.
- Enige skrif/opdrag buite die aangewese velde sal nie verwerk word nie.

1. Beleggersbesonderhede (alle velde is verpligtend)

Beleggerskode: _____

 Titel Mnr. Mev. Mej. Ander (spesifiseer) _____

Volle naam(name) en van / geregistreerde naam van entiteit _____

ID- / paspoort- / entiteits-registrasienommer _____

Kontakbesonderhede () () _____

E-posadres _____

Let wel: Indien hierdie kontakbesonderhede verskil van die wat ons tans op rekord het, sal u besonderhede nie opgedateer word totdat ons 'n voltooide Effektetrust-Opdateringsvorm, wat by www.sanlamunitrusts.co.za beskikbaar is, ontvang het.

2. Omskakelingsopsies

2.1 Eenmalige omskakeling

Kies asseblief 'n Randbedrag, of aantal onderaandele of alle onderaandele: (Indien geen klas gespesifiseer word nie, sal dit aan 'n verstekklas toegewys word.)

Fondsminimums is van toepassing (kyk ons Minimum Openbaarmakingsdokumente (fondsinligtingsblaai) by www.sanlamunitrusts.co.za).

1. VAN

Volle naam van effektetrustfonds	Klas	Bedrag (R)	OF	Aantal onderaandele	OF	Alle onderaandele

NA

Volle naam van effektetrustfonds	Klas	Bedrag (R)	OF	% Onderaandele
1.				
2.				
3.				
4.				

Parafeer _____

Enmalige omskakeling (vervolg)**2. VAN**

Volle naam van effektrustfonds	Klas	Bedrag (R)	OF	Aantal onderaandeel	OF	Alle onderaandeel

NA

Volle naam van effektrustfonds	Klas	Bedrag (R)	OF	% Onderaandeel
1.				
2.				
3.				
4.				

3. VAN

Volle naam van effektrustfonds	Klas	Bedrag (R)	OF	Aantal onderaandeel	OF	Alle onderaandeel

NA

Volle naam van effektrustfonds	Klas	Bedrag (R)	OF	% Onderaandeel
1.				
2.				
3.				
4.				

2.2 Gereelde maandelikse omskakeling (kontant-vloeiplan)

Reël asseblief die volgende maandelikse omskakelings van my belegging totdat ek die instruksie kanselleer of totdat my fondse leeggeloo het:

Skakel die herhalende maandelikse bedrag hieronder om op die heersende prys op die _____ dag van elke maand vanaf _____ (mmeejj)

VAN

Volle naam van effektrustfonds	Klas	Totale maandelikse bedrag (R)

NA

Volle naam van effektrustfonds	Klas	Bedrag (R)	OF	%

3. Kanselleer bestaande kontant-vloeiplan/ne (gereelde onttrekkings of omskakelings)

(indien van toepassing)

3.1 Gereelde maandelikse onttrekkings (terugkope)

Kanselleer my bestaande onttrekkings Ja Nee

3.1 Gereelde maandelikse omskakelings

Kanselleer my bestaande maandelikse omskakeling Ja Nee

Parafeer _____

4. Wysig bestaande debietorder (slegs indien van toepassing)

(Kies asseblief die toepaslike opsie deur dit met 'n 'X' aan te dui.)

Indien dit te laat is om u debietorder te kanselleer of te verander op die datum wat u versoek het, sal ons die debietorder(s) op die vroegste beskikbare werksdag wysig.

Kanselleer my bestaande debietorder(s)

Effektetrustfonds(e)	Klas*	Kansellasiedatum (dd/mm/eejj)

Verander my bestaande debietorder(s)

Effektetrustfonds(e)	Klas*	Huidige debietorder-bedrag (R)	Nuwe debietorder-bedrag (R)

Vorder asseblief die bogenoemde wysiging in my bestaande maandelikse debietorder op die _____ dag van elke maand vanaf _____ (mmeejj)

Jaarlikse verhoging _____ % Jaarlikse verhoogdatum _____ (mmeejj)

Fondsminimums is van toepassing (kyk ons Minimum Openbaarmakingsdokumente (fondsinligtingsblaaie) by www.sanlamunitrusts.co.za).

* Indien u nie 'n fondsklas spesifiseer nie, sal u belegging aan 'n verstekklas toegewys word.

5. Inkomste-uitkeringsbetalings

- Indien u die totale beleggingswaarde van 'n fonds omgeskakel het, sal die uitkerings vir daardie fonds aan die nuwe fonds gekrediteer word.
- Indien u alle onderaandeel omgeskakel het en daar geen betalingsbesonderhede op rekord is nie, sal die inkomste in die nuwe fonds inbetaal word.
- Indien toekomstige inkomste (rente en / of dividende) uitbetaal moet word, moet u asseblief die Effektetrust-Opdateringsvorm voltooi wat by www.sanlamunitrusts.co.za beskikbaar is.

6. Finansiële adviseur

6.1 Besonderhede van makelaar / Sanlam finansiële adviseur (indien van toepassing)

Volle naam / name _____ Kode _____

Van _____ Bibliffe-kode (indien van toepassing): _____

ID-nommer: _____ Kontaktelefoonnommer (_____) _____

E-pos _____

Kommissie-opdrag*:

Ek stel hiermee die makelaar / finansiële adviseur, wie se besonderhede hierbo verskyn as my voorkeurtussenganger aan. Ek stem in om 'n aanvangsadviesfooi (belasting op toegevoegde waarde (BTW) uitgesluit) soos volg te betaal:

Betaal aanvangsadviesfooi van toepassing op omskakeling (indien enige) Geen aanvangsadviesfooi

Let asseblief daarop dat hierdie aanvangsadviesfooi wat betaalbaar is, indien enige, afgetrek sal word voordat die omskakelingsopdrag uitgevoer word. Dit sluit die bestuurder se aanvangsheffing, indien enige, uit soos in die Minimum Openbaarmakingsdokumente (fondsinligtingsblaaie) verduidelik.

* Bostaande kommissie-opdrag is nie op die Sanlam Alternatiewe Inkomstefonds, Sanlam Gediversifiseerde Inkomstefonds van Fondse, Sanlam Optimised Income Fund en Sanlam Stabiele Groeifonds van toepassing nie. Daar is aparte fooi-ooreenkomste vir hierdie fondse.

Parafeer _____

Besonderhede van makelaar / Sanlam finansiële adviseur (indien van toepassing) (vervolg)**Deurlopende adviesfooi**

Deurlopende finansiële adviesfooi _____ % per jaar (onderhandelbaar tot 'n maksimum van 1%, BTW uitgesluit).

Handtekening van belegger / gemagtigde ondertekenaar(s) (verplichtend) _____**Let wel**

- Hierdie jaarlikse adviesfooi word gegrond op die daaglikse markwaarde van die beleggingsportefeulje en word by wyse van die verkoop van onderaandele maandeliks agterna aan die makelaar / finansiële adviseur betaal.
- Hierdie vorm nie deel van die gewone jaarlikse bestuursfooi wat deur Sanlam gehê word nie.
- Om die deurlopende adviesfooi te kanselleer, voltooi asseblief die Effektetrust-Opdateringsvorm, beskikbaar by www.sanlamunitrusts.co.za
- Hierdie jaarlikse adviesfooi is nie van toepassing op fondse / klasse waar 'n hersieningsfooi ('trailer fee') reeds by die diensfooi ingesluit is nie, soos verduidelik in die fondsinsligtingsblaaie.

6.2 Kanselleer bestaande deurlopende finansiële adviesfooiJa Nee **6.3 Aanstelling van voorkeurmakelaar / finansiële adviseur**

Ek bevestig dat ek graag bogenoemde makelaar / finansiële adviseur ten opsigte van al my Sanlam-effektetrustfondse wil aanstel. Alle toekomstige kommissie, hersieningsfooi en deurlopende finansiële adviesfooi (indien van toepassing) moet tot verdere kennisgewing aan hierdie makelaar / finansiële adviseur betaal word.

Ek besef dat die finansiële tussenganger, wat my voorheen aan Sanlam-effektetrust bekendgestel het, nou deur hierdie nuwe aanstelling vervang word. Ek besef ook dat die nuwe (voorkeur-) makelaar / finansiële adviseur wat hierbo aangestel word, nou die kommissie op alle toekomstige halende bydrae(s), ad hoc-beleggings, die hersieningsfooi en deurlopende finansiële adviesfooi (indien van toepassing) sal ontvang.

Handtekening van belegger / gemagtigde(s) _____**6.4 Verklaring deur makelaar / Sanlam finansiële adviseur****Sanlam finansiële adviseur**

Is finansiële advies verskaf? Ja Nee

Dit is die adviseur se verantwoordelikheid om die adviesdokumente vir hierdie transaksie in te vul en dit saam met hierdie aansoekvorm aan Sanlam te stuur.

Handtekening van Sanlam finansiële adviseur

Makelaar:**FSP-lisensie**

Ek verklaar dat ek 'n gelisensieerde finansiële diensteverskaffer is of 'n verteenwoordiger van 'n finansiële diensteverskaffer is. Ek is gemagtig om effektetrusts te verkoop.

FSP-lisensienommer _____

Handtekening van makelaar

7. Belangrike aantekeninge

- Omskakelings sal slegs verwerk word ten opsigte van onderaandele wat deur die bank verreken is.
- By omskakelings is daar 'n verrekeningstydperk van 15 kalenderdae vir enkelbedragbeleggings en eenmalige debietorders en 28 kalenderdae vir herhalende debietorders.
- Indien 'n belegging as sydelingse sekuriteit gesedeer word, is standaardverwerkingstye nie van toepassing nie. Ons sal die omskakelingsopdrag slegs uitvoer sodra ons al die nodige dokumente van die belegger en sessionaris ontvang het.
- Indien u 'n gedeelte van u onderaandele omskakel en daar is geen aktiewe maandelikse bydrae op die fonds nie, sal alle onderaandele omgeskakel word indien die bedrag wat agterbly nie voldoen aan die vereiste fondsminimum vir die spesifieke fonds nie.
- Debietorder(s) wat nie aan die vereiste fondsminimum(s) voldoen nie sal automaties gekanselleer word met die omskakelingstransaksie.
- Dit is raadsaam om eers die kostestruktuur te vergelyk voordat u die omskakelingsopdrag gee. U sal moontlik die verskil in koste moet betaal, veral as 'n omskakeling van 'n fonds met 'n laer kostestruktuur na een met 'n hoër kostestruktuur gedoen word.
- 'n Omskakeling kan kapitaalwinstbelasting (KWB) tot gevolg hê en u kan vir belasting aanspreeklik wees. Ons reik aan die einde van die belastingjaar 'n Kapitaalwinstbelastingstamkaart uit.
- Indien 'n omskakeling gedoen word tussen die periode waarop die inkomste verklaar is en die werklike betaaldatum, sal die verklaarde inkomste ook omgeskakel word, tensy u ons 'n ander opdrag gee.
- Indien 'n omskakeling tussen fondse gedoen word, word onderaandele in een fonds verkoop en onderaandele in 'n ander fonds met die opbrengs aangekoop.
- Elke fonds het 'n ander beleggingsdoelwit en beleggersrisikoprofiel. Omskakeling kan 'n impak hê op u vermoë om u oorspronklike beleggingsdoelwitte te bereik. Om hierdie rede is dit 'n goeie idee om u makelaar / finansiële adviseur te nader om u oorspronklike motivering vir belegging te hersien en te besluit of die bestaande belegging nog steeds vir u geskik is of nie.
- Belegging in enige fonds hou risiko's in. Indien die fonds te aggressief is, kan die waarde van die belegging te veel wissel vir die belegger se doeleindes op kort termyn, alhoewel 'n aggressiewe fonds waarskynlik op lang termyn hoër opbrengste sal lewer.
- Indien die fonds te konserwatief is, sal die belegger waarskynlik 'n meer stabiele belegging op kort termyn ervaar, maar dit is onwaarskynlik dat die fonds inflasie op lang termyn sal klop en genoeg sal groei om die verlangde beleggingsdoelwit te bereik.

Parafeer _____

8. Bepalings en voorwaardes

Sanlam-groep is 'n volle lid van die Vereniging van Spaar & Belegging SA (ASISA).

8.1 Meer oor effektrusts

- Wanneer u in 'n effektrust (ook bekend as 'n kollektiewe beleggingskema) belê, word u geld en die geld van ander beleggers saamgevoeg. Hierdie saamgevoegde geld word gebruik om 'n portefeulje van bates, soos ekwiteite (aandele), effekte of genoteerde eiendom, te koop. Die waarde van die onderaandele wat u besit, word bereken deur daardie aantal onderaandele met die jongste heersende prys per onderaandeel te vermenigvuldig. Verwagte pryse word gebruik. Besonderhede van waarin elke fonds belê, sowel as die risikoprofiel, word in die Minimum Openbaarmakingsdokumente (fondsinligtingsblaaie) gespesifiseer.
- Die prys per onderaandeel (uitgesonderd geldmark-tipe fondse) styg en daal volgens die waarde van die onderliggende bates in die betrokke portefeulje. U kapitaal, asook die opbrengs van u belegging, word nie vir enige effektrustfondsebelegging gewaarborg nie. Vir meer inligting oor effektrusts en hoe dit werk, asook ons volle reeks fondse en die betrokke Minimum Openbaarmakingsdokumente (fondsinligtingsblaaie), besoek asseblief ons webwerf by www.sanlamunitrusts.co.za of skakel ons by 0860 100 266.
- Wanneer u hierdie vorm invul, doen u aansoek om onderaandele in die fondse van u keuse om te skakel ooreenkomstig die Trustakte en mandaat van die betrokke fondse. Die Minimum Openbaarmakingsdokumente (fondsinligtingsblaaie) verduidelik hoe elke fonds belê word en watter toepaslike fooie gehê word.
- Effektrusts is oor die algemeen medium- tot langtermynbeleggings. Vorige prestasie is nie noodwendig 'n aanduiding van toekomstige prestasie nie. Effektrusts verhandel teen heersende pryse en mag lenings en skripleninge aangaan. Effektrustpryse word op die grondslag van netto batewaarde bereken, wat die totale waarde van alle bates in die portefeulje is, met inbegrip van enige inkomsteoploping en minus enige toelaatbare aftrekkings van die portefeulje, verdeel deur die aantal onderaandele in die portefeulje.
- Vir geldmarkfondse is die prys van elke winsdelende belang gemik op 'n konstante waarde. Hoewel 'n konstante prys gehandhaaf word, word die kapitaal nie gewaarborg nie. 'n Geldmarkportefeulje en korttermynskuldportefeulje is nie 'n bankdeposito nie. Die totale beleggingsopbrengs bestaan hoofsaaklik uit rente wat ontvang is. Die opbrengs kan ook enige wins of verlies op enige bepaalde instrument insluit. In die meeste gevalle sal dit bloot die verhoging of verlaging van die daaglikse opbrengs veroorsaak, maar in die geval van abnormale verliese kan dit die kapitaalwaarde van die portefeulje verminder. Die daaglikse opbrengs word bereken deur die daaglikse inkomste verdien uit dividende en rente te neem, die uitgawes op fondsvlak af te trek, en dit deur die huidige waarde van al die bates in die fonds te deel. Oormatige onttrekkings uit die portefeulje kan die portefeulje onder likiditeitsdruk plaas, en in sulke omstandighede kan 'n proses van afkamping ('ring-fencing') van die onttrekkingsopdragte, en bestuurde uitbetalings met verloop van tyd, volg.
- Vir Sanlam Alternatiewe Inkomstefondse is die prys van elke winsdelende belang op 'n konstante waarde gemik. Hoewel 'n konstante prys gehandhaaf word, word die beleggingskapitaal nie gewaarborg nie. Die totale opbrengs van die belegging in die Sanlam Alternatiewe Inkomstefonds bestaan hoofsaaklik uit rente en dividende. Die opbrengs kan ook enige wins of verlies op 'n bepaalde instrument insluit. In die meeste gevalle sal dit bloot die daaglikse opbrengs verhoog of verlaag. Die daaglikse opbrengs word bereken deur die daaglikse inkomste verdien uit dividende en rente te neem, die uitgawes op fondsvlak af te trek, en dit deur die huidige waarde van al die bates in die fonds te deel. In 'n uiterste geval kan dit die kapitaalwaarde van die portefeulje verminder.

8.2 Fooie en koste

- Die Minimum Openbaarmakingsdokumente (fondsinligtingsblaaie) bevat 'n lys van fooie, koste en maksimum kommissies:
 - Die volgende koste word teen die portefeulje gehê: makelaarsloon, ouditeursfooie, prestasiefooie, diensfooie, toepaslike belasting, bewaringsfooie, bankkoste, trustees se fooie en hersieningsfooie ('trailer fees')(hersieningskommissie word maandeliks aan Sanlam finansiële adviseurs en makelaars betaal; dit maak deel uit van die jaarlikse diensfooie, wat 'n vaste jaarlikse persentasie is wat bereken word en daaglik van die opgelope inkomste in die portefeulje afgetrek word).
 - Hierdie fooie word van die kliënt verhaal: Sanlam-bestuursfooie sowel as makelaarsadviesfooie.
- Kommissie en aansporingsfooie kan betaal word en, indien wel, word dit by die algehele koste ingesluit. Die fondsbestuurder mag tot 10% van die portefeulje leen om onvoldoende likiditeit aan te vul.
- 'n Bykomende belegging, omskakeling of oordrag binne 'n bestaande portefeulje kan 'n verandering in die berekening van die Effektiewe Jaarlikse Koste (EAC) tot gevolg hê. 'n Bygewerkte berekening kan verkry word deur ons EAC-rekenaar te gebruik wanneer u die Secure Services-portaal by <https://cp.sanlam.co.za> besoek. Alternatiewelik kan u met u adviseur in verbinding tree of ons by 0860 100 266 skakel.

8.3 Transaksie-afsluiting

- Maak asseblief seker dat u u ingevulde opdrag (insluitend stawende dokumente) voor die transaksie-afsluiting aan ons stuur. Die transaksie-afsluiting op elke SA werksdag vir ons fondse is:
 - 11:00 vir die Sanlam Alternatiewe Inkomstefondse
 - 13:00 vir geldmarkfondse en
 - 15:00 vir alle ander fondse.
- Ons kan slegs u omskakelingsopdrag verwerk sodra ons die korrekte, korrek ingevulde vorm en die vereiste stawende dokumente ontvang. As 'n opdrag verkeerd uitgereik is, onduidelik of onvolledig is, of indien die stawende dokumente nie teen die afsluiting ontvang is nie, sal die verwerking van die transaksie vertraag word.
- U transaksie sal geprys word volgens die heersende prys van die fonds op die dag van die transaksie, dit wil sê die dag waarop ons al die nodige inligting ontvang. Enige verlies is vir die belegger se rekening.
- Indien 'n debietorderdatum op 'n nie-werksdag val, sal ons dit op die eerste beskikbare werksdag daarna vorder.

Parafeer _____

8.4 Eienaarskap, inligtingsekuriteit en opdragte

- Ons aanvaar dat die opdragte wat ons ontvang, korrek is en deur die gemagtigde individu of ondertekenaars onderteken is.

8.5 Onopgeëiste bates en hoe dit u raak

- Ons is lid van die Vereniging vir Spaar en Belegging SA (ASISA), en volg ASISA se Onopgeëiste Bates-standaard. 'n Onopgeëiste bate is enige effektrustbelegging ten opsigte waarvan daar vir tien jaar geen transaksies aangegaan is nie, of in die geval van 'n bestorwe boedel meer as 3 jaar verstryk het sedert ons kennis van die afsterwe ontvang het. Ons beleid is om voort te gaan om alle inkomsteuitkerings (rente) en aflossingbetalings te herbelê totdat die effektrust verkoop word, ongeag die tydsverloop.
- Ooreenkomstig ASISA se Onopgeëiste Bates-standaard volg ons 'n proses om beleggers of begunstigdes van enige onopgeëiste bates op te spoor. Enige redelike administratiewe koste wat aangegaan is om die belegger op te spoor, kan van die portefeuljewaarde verhaal word, wat sodoende die waarde van u belegging sal verminder. Opsporing sal gestaak word waar die waarde van die effektrust minder as R1 000 is en die koste van die opsporing die voordeel van die opsporing oorskry. Meer inligting oor die ASISA Standaard ten opsigte van Onopgeëiste Bates en die prosesse is op www.asisa.org.za of by ons Kliëntedienssentrum by 0860 100 266 beskikbaar.
- Let asseblief daarop dat dit u verantwoordelikheid is om ons in te lig van enige verandering in u persoonlike inligting om te voorkom dat u belegging 'n onopgeëiste bate word.

8.6 Opdatering van u persoonlike besonderhede

Dit is u verantwoordelik om ons op hoogte te hou van enige veranderinge in u bankbesonderhede, persoonlike inligting of huidige identifikasie-inligting (bv. verandering van adres, van en kontakbesonderhede).

8.7 Klagtes

Ons wil u graag uitstekende kliëntediens bied, maar soms verloop alles nie vlot nie. As u nie met ons diens tevrede is nie, of enige van ons produkte stel u teleur, wil ons graag daarvan hoor. Tree asseblief met ons in verbinding:

- Telefoon: 0860 100 266
- E-pos: complaints@sci.sanlam.com
- Vul 'n klagteform aanlyn in by www.sanlamunitrusts.co.za
- Besoek u naaste Sanlam-kantoor.

U mening is vir ons baie belangrik. Wanneer ons u klagte ontvang, sal 'n bewame span wat spesifiek opgelei is om klagtes te hanteer en op te los, dit ondersoek en probeer om dit so gou moontlik op 'n regverdige manier op te los. As die klagte nie tot u bevrediging opgelos is nie, kan u dit na die Sanlam Arbitrer verwys. Die Sanlam Arbitrer is 'n onpartydige persoon wat geskille tussen ontevrede kliënte en Sanlam besleg.

Sanlam Arbitrer se kontakbesonderhede:

Faks: +27 21 957-1786

E-pos: arbitrator@sanlam.co.za

8.8 Hoe ons u persoonlike inligting verwerk

- Ons versamel persoonlike inligting oor u in om vir u die beste diens te bied. Ons sal nie sonder u toestemming hierdie inligting buite die Sanlam-groep, sy verwante groepe of agente deel nie. Ten einde u van doeltreffende diens te voorsien, kan ons moontlik hierdie inligting met ons administrateurs of agente deel wat sekere dienste vir ons verrig (bv. posverspreiders wat u state namens ons pos), lede van die Sanlam-groep, u finansiële adviseur of makelaar, sowel as met enige regulerende liggame soos deur die wet vereis. Ons kan ook u inligting met buitelandse regulerende liggame deel indien nodig.
- U inligting word gebruik vir administratiewe, operasionele, audit-, bemerkings-, navorsings-, regs- en rekordhoudingsdoeleindes. Ons sal alle redelike stappe in plek stel wat nodig is om die integriteit van enige persoonlike inligting wat ons oor u het te beveilig en dit teen ongemagtigde toegang te beskerm. Indien u nie daarmee tevrede is dat ons u persoonlike inligting gebruik nie, kan daar moontlik vertragings wees of sommige opdragte mag moontlik nie uitgevoer word nie. U kan enige tyd toegang tot u inligting verkry en versoek dat ons enige inligting wat ons van u het, korrigeer. Skryf gerus aan ons om 'n afskrif van hierdie inligting te bekom. Ons hou tersaaklike dokumente vir 'n tydperk van vyf jaar of meer, soos deur die wet vereis. As u aan ons toestemming gee om u persoonlike inligting vir langer as vyf jaar te hou, sal ons toegang tot u inligting beperk. Dit sal slegs (met u toestemming) verwerk word vir berging of die bevestiging van besonderhede.

Parafeer _____

9. Verklaring deur belegger

- Ek / Ons bevestig dat ek / ons die magtiging het en regsbevoeg is om hierdie transaksie aan te gaan, met enige regshulp wat vereis mag word. Die wettige voog/de moet die opdrag namens die minderjarige onderteken.
- Ek / Ons verstaan dat hierdie aansoek onderhewig is aan Sanlam Kollektiewe Beleggings se Trustakte (die Akte) en dat hierdie aansoek, saamgelees met die Akte, die volledige ooreenkoms tussen my / ons en Sanlam uitmaak. 'n Afskrif van die ooreenkoms is op aanvraag beskikbaar.
- Ek / Ons bevestig dat ons vertrouwd is met die inhoud en dat ek / ons die betrokke Minimum Openbaarmakingsdokument(e) (fondsinligtingsblad/-blaaie) verstaan.
- Ek / Ons is bewus van en gee toestemming tot alle koste en fooie met betrekking tot hierdie omskakeling en dat ek / ons moontlik die verskil tussen aanvangsadviesfooie sal moet betaal indien ek / ons omskakel tussen fondse wat verskillende fooistrukture het.
- Ek / Ons beseft dat daar verdere toelaatbare aftrekkings van die fonds is (bv. 'n jaarlikse bestuursfooie) wat 'n impak op die waarde van my / ons belegging kan hê.
- Ek / Ons bevestig dat die risikoprofiel van die belegging aan my / ons verduidelik is en ek / ons verstaan dat dit my / ons plig is om myself / onself te vergewis van die risiko's verbonde aan hierdie omskakeling en dit te aanvaar.
- Ek / Ons aanvaar volle verantwoordelikheid om Sanlam in te lig oor enige veranderinge van my / ons persoonlike inligting (bv. verandering van adres, verandering van van en kontakbesonderhede).
- Ek / Ons het die inhoud van hierdie omskakelingsvorm gelees en verstaan en ek / ons gaan akkoord met die bepalinge en voorwaardes.

Handtekening van belegger _____ Datum _____ (ddmmeejj)

OF

Gemagtigde ondertekenaar(s) wat namens die belegger optree

(bv. ouers / voog(de) van 'n minderjarige, en alle persone wat gemagtig is om namens die belegger op te tree)

Titel Mnr. Mev. Mej. Ander (spesifiseer) _____

Volle naam/name en van _____

Hoedanigheid _____

ID- of paspoortnommer _____

Kontaktelefoonnommer: () () _____
Spesifieke land en area kodes, bv. +27 21 555 5555

Handtekening van gemagtigde ondertekenaar(s): _____ Datum _____ (ddmmeejj)

Belangrike inligting

Die Sanlam-groep is 'n volle lid van die Vereniging vir Spaar en Belegging SA (ASISA). Kollektiewe beleggingskemas is oor die algemeen medium- tot langtermynbeleggings. Let asseblief daarop dat prestasie van die verlede nie noodwendig 'n akkurate bepaling van toekomstige prestasie is nie, en dat die waarde van beleggings / onderaandele / effektetrusts kan daal sowel as styg. 'n Lys van fooie en koste en maksimum kommissies is beskikbaar by die Bestuurder, Sanlam Kollektiewe Beleggings (Afgeb.)(Edms.)Bpk. ("Sanlam Kollektiewe Beleggings"), 'n geregistreerde en goedgekeurde Bestuurder van Kollektiewe Beleggingskemas in Sekuriteite. Bykomende inligting van die voorgestelde belegging, insluitend brosjures, aansoekvorms en jaarlikse of kwartaallike verslae, kan gratis by die Bestuurder verkry word. Kollektiewe beleggings verhandel teen heersende pryse en mag lenings en skripenings aangaan. Kollektiewe beleggings word op die grondslag van netto batewaarde bereken, wat die totale markwaarde van alle bates in die portefeulje is, met inbegrip van enige inkomste-oploping en minus enige aftrekbare uitgawes soos audit-, makelaars- en diensfooie. Werklike beleggingsprestasie van die portefeulje en die belegger sal verskil, afhangende van die toepaslike aanvangsheffing, die werklike beleggingsdatum, die datum van herbelegging van inkomste sowel as dividendterughoudingsbelasting. Verwagte pryse word gebruik. Die Bestuurder verskaf geen waarborg met betrekking tot óf die kapitaal óf die opbrengs van 'n portefeulje nie. Die prestasie van die portefeulje hang af van die onderliggende bates en veranderlike markfaktore. Prestasie word gegrond op netto batewaarde tot netto batewaarde-berekenings met inkomsteherbeleggings op die ex-dividenddatum. Die prestasies van enkelbedragbeleggings word aangegee. Die portefeulje kan belê in ander goedgekeurde kollektiewe beleggingskemas wat hul eie fooie hef, wat 'n hoër fooistruktuur vir ons portefeulje tot gevolg kan hê. Al die portefeulje-opsies wat aangebied word, is goedgekeurde kollektiewe beleggingskemas ingevolge die Wet op die Beheer van Kollektiewe Beleggingskemas, Nr 45 van 2002 ('CISCA'). Internasionale beleggings van beleggings in buitelandse sekuriteite kan bykomende risiko's dra, sowel as potensiële beperkings op die beskikbaarheid van markinligting. Die Bestuurder het die reg om enige portefeuljes vir nuwe beleggers te sluit om hulle meer doeltreffend ooreenkomstig hul mandaat bestuur. Die portefeuljebestuur van al die portefeuljes word uitgekонтakteer aan verskaffers van finansiële dienste wat ingevolge die Wet op Finansiële Advies- en Tussengangerdienste, 2002, gemagtig is. Standard Bank van Suid-Afrika Bpk is die aangestelde kurator van die Sanlam Kollektiewe Beleggingskema.

Parafeer _____